Brel-bravo vir Laurika

ENCORE BREL! met Ann Hamblin, Ferdie Uphof en Laurika Rauch in die Chelsea-teater.

Die titel is voorwaar goed gekies. Maar 'n mens sou nog iets wou byvoeg: Bravo, Laurika!

In Laurika Rauch het Taubie Kushlick 'n sangeres gevind met 'n aanvoeling vir die Jacques Brel-ritmes en 'n stem met die aardsheid wat grondliggend is aan al sy komposisies. Haar vertolkings van veral *The Early Morning Hangers-On* en *My Open Land* is tegelyk roerend en tegnies uitsonderlik.

Anders as in mej. Kushlick se heraanbieding van *Jacques Brel is Alive and Well and Living in Paris* van enkele maande gelede, is *Encore Brel* gestroop van onnodige fieterjasies en truuks. Brel se musiek en sy liriek (weliswaar in vertaling en met 'n noodgedwonge prysgawe van iets van die opregtheid) kry die geleentheid om self tot die gehoor te spreek. En watter „nuwe" Brel is dit nie!

Hoewel daar tog van die ouer en meer bekende liedjies soos *The Taxicab* en *Marieke* in die program opgeneem is, is die meeste van die nommers by Suid-Afrikaners onbekend.

Onbekend maak onbemind, lui die bekende spreekwoord, maar 'n mens wil voorspel dat heelparty van die liedjies in dié aanbieding net so gewild gaan word as die ander waarmee mej. Kushlick gehore laat kennis maak.

Veral nommers soos *The Music of Paris, The Hypocrites, You can smell Beer* en *You don't Forget* benewens die reeds genoemde liedjies wat Laurika Rauch sing, kan treffers word.

Taubie Kushlick het respek vir Jacques Brel en sy musiek. Daarom kan 'n mens nie anders nie as om te wonder hoekom sy so sterk klem lê op die meer

KUNS en VERMAAK

somber kant van sy persoonlikheid. Bitter min van die liedjies in dié aanbieding het die stempel van Brel se lewenslustigheid, sy guitige lewensliefde. En dan is die beligting ook feitlik deurgaans somber en donker sodat 'n mens soms jou oë skrefies moet trek om te kan sien.

Ann Hamblin en Ferdie Uphof is gesoute Brel-vertolkers op die Suid-Afrikaanse verhoog en dis eers nou, wanneer hulle met die pretensielose vertolkings van Laurika Rauch vergelyk word, dat hul opera-agtige styl 'n bietjie hinderlik aandoen.

Encore Brel bly nietemin 'n aanbieding wat getuig van afronding, wat Brel-liefhebbers baie genot sal verskaf — Henk Wybenga.